Woensdag **25 Desember**

**Skrifgedeelte: Filippense 2:1-11**

**Fokusgedeelte: Filippense 2:5-10**

## Kersfees – Jesus Christus word verneder en verhoog

Ons vier Kersfees. Jesus Christus word as mens gebore. Ons mag nie soos so baie mense dink aan ’n pragtige babatjie wat in ’n krip lê nie. Om werklik Kersfees te vier, let ons op hierdie besondere Christuslied waar Jesus Christus se vernedering en verhoging beskryf word.

*Jesus Christus se vernedering* (vs 6-8) – Jesus Christus se vernedering word hier in ’n dalende trap aan ons beskryf. Hy wat werklik God was, het sy bestaan nie beskou as iets waaraan Hy hom moes vasklem nie. Hy, die eniggebore Seun van die Vader, een met die Vader, Hy word swak, verganklike mens. Hy kom ly onder onregverdige mense. Hy word gekruisig. Hy ly al die angste en verskrikkinge van die hel. Hy sterf. Hy word begrawe. In dit alles het Hy die gestalte van ’n slaaf aangeneem om aan ons mense gelyk te word.

*Jesus Christus se verhoging* (vs 9-11) – Jesus Christus se verhoging word hier aan ons in stygende trap beskryf. God het Hom uitermate verhoog toe Hy die dood oorwin het en na die hemel opgevaar het. Sy Naam is bo elke naam aan Hom gegee. Hy is die Heerser oor die hele skepping, sodat elkeen die knie voor Hom sou buig. Die loflied oor Christus se verhoging bereik die hoogtepunt met die belydenis dat elke tong sal erken, Jesus Christus is Here!

Dieselfde gesindheid wat daar in Jesus Christus was, moet ook in ons wees (vs 5). In Jesus Christus se vernedering en verhoging het Hy vir ons die volmaakte voorbeeld gegee hoe ons elke dag mag leef. “Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en elkeen wat homself verneder, sal verhoog word” (Luk. 14:11). Die wat deur God se genade in Jesus Christus glo, buig gewilliglik, in nederigheid en in liefde voor Hom, om Hom te aanbid en te dien. Slegs iemand wat insien hoe nietig, feilbaar en afhanklik hy of sy voor God is, sal vir ewig voor God verhoog word.

*Sing: Skrifberyming 10 (5-4):1, 2*

*Ds. AF (Fenmo) Berg (Pongola/Piet Retief)*